**AFRIKAANS HUISTAAL**
**GRAAD 7**

**TYD: 1½ UUR** **TOTAAL 50**

---

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **LEESBEGRIP** | **[20]** |
| **AFDELING B:** | **TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES** | **[20]** |
| **AFDELING C:** | **VISUELE TEKS** | **[10]** |

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**Bestudeer die onderstaande koerantberig en beantwoord die vrae wat daaroor gestel is <u>in jou eie woorde</u>:**

### Die man wat Suid-Afrika aan die beweeg het

[1]Elke Saterdagoggend om 08:00 **<u>tree</u>** duisende Suid-Afrikaners in parke dwarsoor die land aan om 5 km af te lê.

[2]**<u>Die</u>** tekkies van elite-atlete, pretdrawwers en mammas met stootwaentjies word elke naweek vir een van Suid-Afrika se 102 Parkruns uitgehaal.

[3]"Dis maklik die **<u>grootste</u>** ontspanningsaktiwiteit in Suid-Afrika," sê Bruce Fordyce, Suid-Afrika se uitvoerende Parkrun-hoof en die man wat Suid-Afrikaners aan die beweeg gekry het.

[4]Die 61-jarige Comrades-legende, met nege goue medaljes in die moordende ultramarathon, het reggekry wat nie eens in die VSA reggekry kon word nie: meer as 100 veilige en gratis pretlope elke naweek.

[5]In Oktober 2004 **<u>het</u>** Paul Sinton-Hewitt saam met **<u>12</u>** vriende in Bushy Park naby die Hampton Court-paleis in Engeland gaan draf. Hierna het hulle oor 'n koppie koffie gekuier, 'n ritueel **<u>wat</u>** hom elke week herhaal het, totdat Sinton-Hewitt se "pretdraf" na twee jaar 'n amptelike naam (en nog 'n park) gekort het.

[6]Die inisiatief het vinnig in ander lande posgevat, en in November 2011 het 26 mense Suid-Afrika se eerste Parkrun in Deltapark in Johannesburg gehardloop.

[7]"Die week daarna was daar 17 mense, want die **<u>weer</u>** was sleg," vertel Fordyce. 'n Antiklimaks?

[8]"Nee! **<u>Dit</u>** moes so wees. Dis presies hoe 'n Parkrun werk. Die grafiek loop so: plat, plat, plat." Hy beduie met sy maer hande.

[9]"Niks gebeur nie, en dan skielik: Boem! "Word-of-mouth" begin werk, of die weer is lekker, en dit groei. Jy moet klein begin, sodat jy kan leer hoe om alles te doen voordat jy 'n tweede park moet soek."

[10]Die wedlope se ruggraat is die vrywilligers wat elke Saterdag van vroeg af die roete gereed kry en bly totdat die laaste atleet ingestap kom. ‘n Tekort aan vrywilligers is dikwels die eerste rede waarom ‘n Parkrun sneuwel.

[11]Vandag word in Suid-Afrika 102 Parkruns gehou – die meeste na Brittanje (445) en Australië (212).

[12]Hoe het ‘n pretdraf sonder medaljes of prysgeld as beloning en ‘n afstand wat in hardloopkringe allermins noemenswaardig is, so gewild geraak? “Dit vind by almal aanklank. Die vinnige ouens staan voor. Hulle gaan voluit en maak binne 20 minute klaar. En agter kry jy tannie Louw, wat meer as ‘n uur nodig het om 5 km te doen. Dis die een plek waar sy veilig en welkom voel. Niemand gaan vir haar lag nie, en haar resultaat word aangeteken,” verduidelik Fordyce.

[13]Hy is huiwerig om sy gunstelinge uit te sonder, maar gee dan uiteindelik in. “Daar is pragtige roetes, spesifiek George s’n en Route 44 in Stellenbosch. Century City in Kaapstad is iets besonders; ek noem dit die Monaco Grand Prix van Parkruns. Dit loop deur die winkels. Dink net: 1 000 mense hardloop deur ‘n winkelsentrum. Dis so cool,” vertel hy opgewonde.

[14]Oor sy eie nalatenskap voel hy baie sterk. “Parkruns is my eintlike nalatenskap. Ek kan net sien daar gaan eendag miljoene mense in honderde Parkruns oor die hele Afrika draf of stap. Dit is wat ek hier wil nalaat.”

(Uit: *Die Burger*, 29 April 2017 – verkort)

**VRAE:**

1. Wat beteken die frase om “<u>af te lê</u>” in paragraaf 1? (1)
2. Hoeveel keer per week vind Parkruns plaas? (1)
3. Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die letter neer:

3.1 Wie neem aan Parkruns deel?
- A. gereelde drawwers
- B. langafstandatlete
- C. enige iemand
- D. ma’s met klein kindertjies.

3.2 ‘n Ultramarathon is:
- A. 21 km lank
- B. 42 km lank
- C. ‘n marathon van meer as 80 km
- D. ‘n pretdraf van meer as 10 km (2)

4. Hoekom sê Fordyce dat dit omtrent die grootste ontspanningsaktiwiteit in Suid-Afrika is? (1)

5. In watter land het Parkruns ontstaan? (1)

6. Watter twee eienskappe maak Parkruns so gewild? (2)

7.1 Wie is die stigter van Parkruns in Suid-Afrika?

7.2 Hoekom, dink jy, het die persoon wat in 7.1 genoem word, die inisiatief geneem om Parkruns te begin? (2)

8. Waar het Suid-Afrika se eerste Parkrun plaasgevind? (1)

9. Verduidelik wat dit beteken as iets per "word of mouth" versprei word. (1)
10. Verskaf 2 funksies van die vrywilligers by 'n Parkrun. (2)
11. Waarom loop Parkruns soms dood? (1)
12. Hoekom geniet tannie Louw die Parkrun? (2)
13. Hoekom is die Century City Parkrun iets besonders? (1)
14. Verskaf sinonieme uit die leesstuk vir:
14.1 die idee om iets aan te pak of te begin
14.2 alles wat iemand by sy dood agterlaat. (2)

**[20]**

**AFDELING B: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**Vraag 1**

Verduidelik die funksie van die **kommapunt** en die **dubbelpunt** in die volgende sinne:

1.1 Dit is yskoud**;** die Comrades Marathon gaan voort.
1.2 Bruce Fordyce het gesê**:** "Hier is meer as 100 Parkruns in Suid-Afrika." (2)

**Vraag 2**

Bestudeer die onderstaande prentjie en beantwoord dan die vraag:




2.1 Wat is die **figuurlike betekenis** van hierdie stelling? (1)

**Vraag 3**

Is die volgende onderstreepte woorde 'n **afleiding, samestelling of samestellende afleiding**?

3.1 <u>Pretdrawwers</u> geniet altyd 'n parkrun.
3.2 Duisende mense draf deur 'n <u>winkelsentrum</u>. (2)

**Vraag 4**

Skryf die volgende sinne in die **lydende vorm**:

4.1 Klara het energiestafies geëet.

4.2 Sy drink elke dag gebottelde water. (2)

**Vraag 5**
Verskaf die redes waarom ‘n **komma** in die volgende gevalle gebruik word:

5.1 Ek wou <u>deelneem, maar</u> was te onfiks.
5.2 Bruce <u>Fordyce, die</u> goue-medalje-<u>wenner, het</u> die Parkruns in Suid-Afrika begin. (2)

**Vraag 6**
**Identifiseer** en **benoem** die **deelwoorde** in die onderstaande paragraaf:
Bv. afgesaagde – swak verlede deelwoord.
Daar is 3 deelwoorde; nommer hulle 6.1 tot 6.3.

Die uitgeputte deelnemers het in die brandende son gehardloop. Skielik het ‘n geslepe dief die water en energiestafies gesteel. Sekuriteit is onmiddellik geroep. (3)

**Vraag 7**
Benoem die volgende **woordsoorte** uit die leesstuk volledig:

7.1 tree (par. 1)
7.2 Die (par. 2)
7.3 grootste (par. 3)
7.4 het (par. 5)
7.5 12 (par. 5)
7.6 wat (par. 5)
7.7 weer (par. 7)
7.8 Dit (par. 8) (8)



**Vraag 8**
Beantwoord die volgende vrae ten opsigte van **enkelvoudige en saamgestelde sinne:**

**Tekkies waarmee pretdrawwers draf, word elke naweek vir een van Suid-Afrika se 102 Parkruns uitgehaal.**

8.1 Hoekom is bostaande sin ‘n saamgestelde sin?
8.2 Skryf die bysin neer.
8.3 Benoem die bysin volledig.
8.4 Verander die gegewe sin na ‘n enkelvoudige sin. (4)

**Vraag 9**
**Ontleed** die volgende **enkelvoudige sin** soos gevra:

**Bruce Fordyce, wat nege keer die Comrades gewen het, het Parkruns tien jaar gelede begin.**

9.1 Wat is die gesegde van die sin?
9.2 Skryf die bywoordelike bepaling van tyd neer.
9.3 Benoem die voorwerp. (3)

**Vraag 10**
Skryf die volgende sin in die **verlede tyd** en sê of die werkwoord **skeibaar of onskeibaar is:**

10.1 Hy onderneem om die Comrades te bemark. (2)

**Vraag 11**
Verskaf die redes waarom ‘n **koppelteken** in die volgende gevalle gebruik word:

11.1 peer- en appelbome
11.2 elite-atlete (2)

**Vraag 12**
Verklaar hoekom die volgende woorde/frases tussen **aanhalingstekens** geskryf word:

12.1 Haar pa sê: <u>“Pluto het ‘n koeksister gegaps!”</u>
12.2 Haar ma en pa wou vir haar ‘n <u>“laptop”</u> koop. (2)

**Vraag 13**
Gebruik die **homoniem** (ryk) in twee sinne (genommer 13.1 en 13.2) sodat die woord se verskillende betekenisse duidelik is:

13.1 en 13.2 ryk (2)

**Vraag 14**
Skryf die volgende sin oor in die **indirekte rede:**

14.1 Klara het gesê: “Alwo het nou met die water hiernatoe gehardloop.” (2)

**Vraag 15**
Beantwoord die volgende vrae ten opsigte van die **afkappingsteken**:

15.1 Hoekom word “hoera’s” met ‘n afkappingsteken gespel, maar nie “oumas” nie?
15.2 Verskaf die verkleinwoord vir “Cilliers”.
15.3 Kies die korrekte spelling van die meervoud vir “Le Roux”:
Le Roux’s of Le Rouxs (3)

**[40 ÷ 2 = 20]**

**AFDELING C: VISUELE TEKS**




Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord dan die vrae:




**Spotprent uit *Die Burger* met skriftelike toestemming vanaf *Die Burger* en die spotprentkunstenaar geplaas.**

**VRAE:**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Hoe weet ons die kinders is nog jonk en op laerskool? | (1) |
| 2. | Is die inhoud van die beker warm of koud? Motiveer jou antwoord. | (2) |
| 3. | Watter twee dinge dui daarop dat die kinders verbaas is? | (2) |
| 4. | Watter tyd van die dag speel hierdie toneel af? Staaf jou antwoord met een bewys uit die strokiesprent. | (2) |
| 5. | Wat bedoel die man met: "... een week in die voortuin en een week in die agtertuin"? | (1) |
| 6. | Hoekom gaan hulle volgens die spotprent die Tuinroete besoek? | (1) |
| 7. | Waarna verwys die woord "Tuinroete" regtig? | (1) |
| | | **[10]** |